Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Jesus het opgestaan – het jy al?

Eensaamheid: Gen 2:18-25

In Genesis 2:18 sê die Here “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie.” Dit is die eerste keer dat God sê iets is **nie** goed nie. In Genesis 1 dink God oor en oor, “Dit is goed!” Ons weet almal dat eensaamheid nie goed is nie. God het ons geskep as verhoudingswesens. Daarom is eensaamheid so vernietigend. Dit is een van die pynlikste ervarings wat ons kan deurmaak en lei dikwels tot erge depressie.

Daarom tree God in om Adam se eensaamheid uit te wis. Maar Adam is nog nie reg vir Eva nie. Voor Hy Eva skep, maak hy eers vir Adam gereed om oop te kan wees vir ‘n verhouding deur die diere na hom te bring om vir hulle gepaste name te gee. Let wel: Hy moet hulle nie bloot tel nie; hy moet name gee. Dit kan jy eers doen as jy iets fyn bestudeer het en oopgemaak het daarvoor. Jy kan goed tel van ’n afstand, maar dit is nie goed genoeg nie. Eers dan skep God vir hom iemand soos hyself – iemand wat by hom pas op ‘n besondere manier.

Ons word dikwels vasgekeer in ons eensaamheid omdat ons nog nie kan oopmaak vir die wêreld om ons nie. Ons raak so besig met onsself en ons eensaamheid dat ons desperaat raak en nie leer om te kan fokus op ander mense en dinge buite onsself nie.

Sondag 12 Mei

Nagmaal

Eensaamheid

Genesis 2:18-25

08:00 Meditatief	Werner Schutz
08:30 Klassiek	Danie Möller
10:00 Meditatief	Werner Schultz
10:00 Informeel	Breda Ludik
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Danie O'Kennedy
10:00 HB Village	Danie Möller
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Breda Ludik

Deurkollekte: Phuket Kinderprojek

Sondag 19 Mei

Wanhoop/onsekerheid

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:30 Klassiek	Danie O'Kennedy
10:00 Meditatief	Breda Ludik
10:00 Informeel	Paul Barnard
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Bid saam met ons vir die volgende mense:

Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings
Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker
Paul van Staden - dementia
Ilze Havenga - wag op nier-vervanging
Emmie van Tonder - chemo-behandeling vir kanker
Adri de Vries - kanker
Lizette van der Walt - kanker
Nancy Nel - verswak
Hanri Botha se ma - ernstig siek
Ansa Triegaardt - voetoperasie

Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za

#Tienerkerk

Vanaf 19 Mei tot 2 Junie is daar slegs Tienerkerk, nie dissipelskapgroepe nie.

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - a&8QS@xS

Dagboek

14 Mei - Terugvoering van Phuket Kortuitreik
Almal is welkom om 18:30 in die Tent. Vir navrae kontak Elsa Rinquest by elsa.rinquest@gmail.com. Laat weet vir die kerkantoor by 021-851 5582 indien jy kom.

28 Mei - Kerkraadvergadering
19:00 in die Kapel, almal is welkom

30 Mei - Hemelvaartfees
Kosstalletjies en lekker saamkuier

2 Junie - Pinkster begin
Prof Jan van der Watt

13-17 Junie - Sinodesitting van Wes-Kaapland

Pinkster

Spreker is Jan van der Watt

Tema:
Ek is Jesus se dissipel want….

Sondagoggend 2 Junie: Hy maak my lewe die moeite werd (1 Kor 15:12 -20)

Sondagaand 2 Junie: Ek is soos Hy (Joh 14)

Maandag 3 Junie: Sy Gees lei my (Gal 4:16-26)

Dinsdag 4 Junie Hy leer my hoe om weer te begin (Matt 18:21-35)

Woensdag 5 Junie: Hy is net 'n gebed ver (1 Joh 5:14-15)

Donderdag 6 Junie: Ek sien vir die lewe kans (Prediker en Fil 4:13)

Die dienste is elke aand om 19:00 en sal die volgende oggend om 10:00 in die Kapel herhaal word.

Die week:

Dinsdag 14 Mei
06:00 Kom bid saam
17:45 Kantory oefen
18:30 Terugvoering van Phuket

Woensdag 15 Mei
19:00 Doopgesprek
19:00 Belydenisgesprek

Donderdag 16 Mei
09:30 Bybelstudie afsluiting
17:30 DC, DC4K, S&P en GS

Heerlike droëwors

vanaf Merweville is te koop by Ontvangs @R120 per 500g, ten bate van die Versorgingsfonds. Ondersteun gerus ons Helderberg lidmate in nood. Navrae Odette by odette@nghelder.co.za of 021-851 5582 indien jy op grootmaat wil aankoop.

Kiddie Pinkster 2019

2-9 Junie (gr 1 – 6)

Wat is dan meer opwindend as ‘n talent-program met ligte, beoordelaars en ‘n seremoniemeester? Als en nog meer gaan deel wees van hierdie jaar se Pinksterreeks: Talente en Geestelike geskenke van die Heilige Gees, van KidsXpress.

Ons talente en gawes is beide in diens van God en ons naaste. Beide kom van God af. Die belangrike vraag is: Wat doen ek daarmee? Kinders gaan hierdie jaar ontdek wat hulle geestelike geskenke is en hoe hulle dit kan uitdeel.

Elke aand sal daar geleentheid wees waar die kinders hulle talente kan kom wys in spesifieke kategorieë. Dit beloof om groot pret te wees en wie weet dalk sien julle iemand wat bekend is?

‘n Vrugtefees saam met die Heilige Gees

Kleuterpinkster (3-6 jariges)

Kinders leer die beste wanneer hulle speel. Daarom is ons baie opgewonde oor hierdie Pinksterreeks, want die wonderlikste waarheid wat ons ooit kan leer, word al spelenderwys aangeleer. Die waarheid is dat God wat ons so liefhet dat Hy Jesus gestuur het om ons van ons sondes te verlos, ons lief genoeg het om steeds deur die Heilige Gees by ons te wees, sodat ons in staat is om soos kinders van God te leef.

Voeg by die speel, lekker eet, drama en prettige handaktiwiteite en die resultaat is ‘n opwindende reeks wat die wonderlike nuus van Pinkster in kinders se harte sal plant. Kleuters gaan speel-speel leer van die vrugte van die Gees en hoe om dit uit te leef. Kom ontmoet vir “Appelliefie” en leer saam met haar hoe ons soos kinders van God leef. Sien julle daar!

Phuket-kinderprojek

Hierdie nuutste projek van Helderberg Uitreik spruit uit die Kortuitreik wat in Maart/ April 2019 plaasgevind het. Aangeraak deur die nood van die slum-kindertjies in Phuket en die werk van die Asia Center Foundation (ACF), het die span onder leiding van die Heilige Gees eenparig besluit om die projek te registreer.

ACF fokus op die armstes van die armes en die weerlose kinders van die Thailandse eiland, Phuket. Hulle volg ‘n holistiese benadering wat skoolonderrig, voeding, sport, evangelisering, maatskaplike dienste, beveiliging van die kinders, jeugaksie met tieners en ‘n beursfonds vir hoërskoolleerders insluit.

Die personeel en kinders kom uit ‘n nie-Christelike geloofsgroepe en -filosofieë, maar deur dissipelmaking en evangelisering, asook jare se toewyding van direkteur Roelien Muller, het heelwat personeellede en kinders vir Jesus ontmoet en aanvaar. Hulle het pas in hulle splinternuwe skoolgebou getrek en is opgewonde oor die nuwe fase van die projek.

Die projekspan het diep bewus geword van die opofferings wat Roelien Muller, die Suid-Afrikaner wat die bediening in Phuket 19 jaar gelede as ‘n enkelouer met ‘n jong kind begin het. Veral ook die omstandighede waarin sy tans woon en werk. Hulle het besluit dat die ondersteuning van Roelien as mens; fisies, geestelik en emosioneel, hulle eerste prioriteit sal wees. Die span sal haar ook bystaan met onderwyskundigheid, praktiese hulp, advies, leiding en enige ander hulp en kundigheid benodig.

Die span sal van tyd tot tyd ook kortuitreike na Phuket onderneem om hulle visie verder uit te bou.

Projekleier: Elsa Rinquest by elsa.rinquest@gmail.com of 082 308 4643

Kom hoor meer van die Phuket Kortuitreik

Op Dinsdag 14 Mei om 18:30 in die Tent gee die Phuket-projekspan terugvoering oor hulle onlangse kortuitreik. Kom luister en proe die smake van Thailand en deel in die span se ervarings, visie en drome vir die toekoms.

Almal is baie baie welkom!!

Leiers benodig vir Holiday Club

16 - 21 June 2019
"The Heroes Academy" … is vanjaar se Holiday Club tema wat ons in samewerking met Coronation Methodist, NG Suiderstrand en United Church aanbied. Daar is vir 30 jongmense, vanaf graad 8, die geleentheid om hierdie week leiers by die Holiday Club te wees. Dit is 'n week van geestelike groei, inbou in mekaar se lewens, pret, oorslaap, spanwerk en baie kreatiwiteit.

Einde Mei is daar 'n opleidingsgeleentheid waar die jongmense toegerus word en meer kan kom uitvind wat die Holiday Club behels. Aansoekvorms kan by die Tienerkerk of die gemeente se webblad gekry word en moet teen **27 Mei** ingehandig word by Cornonation Methodist of e-pos aan: rezaastrid@coronationmethodist.co.za.

Jubeljaar - ons vier fees!

Kom geniet saam met ons 'n heerlike **Hemelvaartfees** op Donderdag 30 Mei. Dit gaan 'n lekker feesgeleentheid waar ons vanaf 17:00 en na die diens heerlik saam kuier rondom 'n verskeidenheid kosstalletjies. Die aand gaan daar om 19:00 'n musiek en lofprysingsaand vir die hele gesin in die kerk wees.

Soos gebruiklik gaan ons ook elke aand tydens **Pinksterweek** (Sondag 2 – Donderdag 6 Junie) eetgoed voor en na diens verkoop. En hierdie keer verseker ons julle, dat daar genoeg vir almal sal wees en dat niemand honger huis toe gaan nie.

Beide geleenthede is die ideale kans vir Uitreik-projekte en bedieninge om fondse in te samel. Dit kan enigiets wees soos roosterkoek, pannekoek, vetkoek, *muffins* of iets soets. Kontak my so gou moontlik indien julle 'n kosstalletjie wil behartig of met die praktiese reëlings wil help.

Kom ons vat hande om van hierdie geleentheid 'n ware gemeentefees te maak waar ons lekker saam kuier!

Kontakpersoon: Corneille Barnard – hellohelderberg@gmail.com

Wen ‘n kunswerk van jou gesin!

Met ongelooflike passie en onbaatsugtige liefde bied die Omonia-bediening in Athene al die afgelope vier jaar hulp en ondersteuning aan vlugtelinge uit hoofsaaklik Sirië, Irak en Afghanistan. Met hul holistiese benadering sien die baanbrekersegpaar Alexander en Eleni Melirrytou om na vlugtelinge se fisieke én geestelike welstand.

Helderberg Uitreik se Omonia-vlugtelingprojek het die Melirrytou-egpaar genooi om Suid-Afrika in 2020 te besoek en is tans besig om fondse daarvoor in te samel.

Ons verkoop tans kaartjies vir ’n prettige familieportret deur die kunstenaar van Kaatjie Produkte (sien foto).
Die gelukkige wenner sal ’n A3-prent ter waarde van R550 van sy of haar gesin kan bestel – die ideale geskenk vir ’n verjaarsdag of ander spesiale geleentheid. Besoek Kaatjie Produkte op Facebook of Instagram om die kunstenaar se werk te sien.

Kaartjies kos R20 een en kan by die kerkkantoor gekoop word. Die sluitingsdatum vir die kompetisie is 26 Mei en die wenner sal op 3 Junie aangekondig word.

Art 18A

Baie dankie aan almal wat geloofoffers vir Helderberg Uitreik se projekte skenk. Dit maak ‘n groot verskil in die lewens van weerlose mense.

Donateurs wat vir die toepaslike projekte bydraes gemaak het na Helderberg Uitreik se bankrekening, ABSA 911 4483 080 die afgelope boekjaar, kwalifiseer vir Art 18A sertifikate en is welkom om dit aan te vra by louise@nghelder.co.za

Maak nuwe vriende deur deel te word van ons

hallo HELDERBERG kuiergroepe

Kom vind meer uit na die diens in die tent of stuur ‘n epos na: hellohelderberg@gmail.com vir die vorms

Helderberg Gemeente

Bankbesonderhede

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za
Annette - 021-850 6923

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*